

16 AUGUSTUS

Skrifgedeelte: Psalm 70

Fokusgedeelte: Psalm 70:1

Verootmoediging en gebed

Psalm 70 is 'n bykans woordelikse herhaling van Psalm 40:14-18. Dit is geen onnodige herhaling nie. Langs dié weg maak die Gees van God 'n belangrike saak in ons harte vas. Deur herhaling word die spyker diep ingeslaan.

Terwyl hy sy gedenkoffer aan God bring, stort Dawid sy nood voor God uit. Sommige van sy vyande bring hom in lewensgevaar. Ander laat geen geleentheid verbygaan om hom in 'n verleentheid te bring nie. Van alle kante voel hy hom bedreig – fisies sowel as geestelik. Verootmoediging en gebed is onder daardie omstandighede gebiedend noodsaaklik.

Wat bid Dawid in die uur van beproewing? Vir verlossing van ellende? Bid hy dat die HERE 'n einde aan misdaad en aanslae op sy lewe moet maak? Dit ook, ja. Maar dit gaan oor baie meer. Verootmoediging gaan allereers oor erkenning van eie skuld: ek is ellendig en behoeftig (vers 6). Verootmoediging gaan verder oor soeke na verlossing buite jouself: o God, kom tog gou na my (vers 6)! Verootmoediging loop noodwendig in dankbaarheid uit: Laat in U vrolik en bly wees almal wat U soek (vers 5).

Ware verootmoediging en gebed is geheel en al op Christus gefokus. Dit word deur sy offer gedra. Verootmoediging is uit God, deur God, tot God. Sonder erkenning van eie skuld, soeke na verlossing in Christus se bloed en 'n lewe uit dankbaarheid deur die krag van die Gees sal die stryd teen misdaad en droogte en watter ander teenspoed ook al 'n vergeefse stryd wees.

Sing: Ps. 70:2 (1936 beryming) (wysie Ps. 18) Ds Gerard Meijer (Wonderboompoort)